

# 100 JAAR NASIONALE MUSEUM

# 100 YEARS NATIONAL MUSEUM

OP 20 Julie 1977, die 100ste verjaardag van die Nasionale Museum, sal Sy Edele A.L. Schlebusch, Minister van Openbare Werke, onder wie alle staatsgeboue ressorteer, die amptelike opening waarneem van die gerestoureerde Eerste Raadsaal te St. Georgesstraat 95, Bloemfontein.

Die Museum het in hierdie historiese gebou gedebuteer en was daarin gehuisves tot 1915. In daardie jaar het dit die middelste gedeelte van die huidige gebouekompleks te Aliwalstraat 36 betrek.

Daar het dus 62 jaar verloop alvorens die Raadsaal met sy sypale, wat in 1885 en 1891 vir museumdoeleindes aangebou is en intussen onder meer as kantore, 'n dansskool en ontspanningsaal gebruik is, weer amptelik deel van die Nasionale Museum geword het.

Daar word tans gewerk aan 'n spesiale publikasie wat die geskiedenis van die Nasionale Museum sal vertel — vanaf die beskeie begin tot die wetenskaplike inrigting en navorsingsentrum wat dit vandag is.

ON 20 July 1977, the 100th birthday of the National Museum, The Honourable A.L. Schlebusch, Minister of Public Works entrusted with all Government Buildings, will officially open the restored First Raadsaal at 95 St Georges Street, Bloemfontein.

The Museum made its debut in this building and was housed in it till 1915, when the Museum moved into the centre part of the present Museum building at 36 Aliwal Street.

Thus, after a period of 62 years the Raadsaal with its two wings, which were added for Museum purposes in 1885 and 1891, and since used among other things, as offices, a dancing academy and recreation hall, will again be part and parcel of the National Museum.

A special publication will appear shortly in which the history of the National Museum will be told — from its modest beginning to the scientific and research centre, which it is today.



*Gedurende 1975 het die Nasionale Museum die Eerste Raadsaal van die Staat teruggekry sodat dit gerestoureer en teruggebring kan word in historiese perspektief. Die meegaande foto is geneem terself vakman Job van Staden en 'n assistent onlangs besig was met restaurasiewerk aan die westelike gewel van die Raadsaal.*

*During 1975 the National Museum re-obtained the First Raadsaal from the State. This was done so that it could be restored and brought into its proper historical perspective. The accompanying photograph shows Job van Staden, an artisan of the Museum and an assistant engaged in the restoration of the western gable of the Raadsaal.*

J.O.P.

## GEDENKKOEVERT FIRST DAY COVER

IN samewerking met Filateliedienste gee die Nasionale Museum op 20 Julie 1977 'n gedenkkovert uit met betrekking tot die oopstelling aan die publiek van die gerestoureerde Eerste Raadsaal. Die meegaande waterverftekening verskyn in volkleur op die kovert.

'n Spesiale datumstempel word ook in gebruik geneem. Koerverte sal op daardie dag te koop aangebied word by die Eerste Raadsaal te St. Georgesstraat 95, Bloemfontein.

Bestellings kan ook nou reeds per pos geplaas word teen 40 sent per kovert. Slegs bestellings vergesel van posorders sal aanvaar word.

WITH kind co-operation of Philatelic Services a first day cover will be issued by the National Museum on 20 July 1977 to commemorate the opening to the public of the restored First Raadsaal. The water-colour drawing of the Raadsaal (right) is reproduced on the cover in full colour.

A special date stamp will also be brought into use. Covers will be offered for sale at the First Raadsaal, 95 St Georges Street, Bloemfontein, on that day.

Advance orders can now be placed at 40 cents per cover. Such orders will not be accepted unless accompanied by postal order.



A.v.E.

## NATIONAL MUSEUM NEWS NASIONALE MUSEUM NUUS

APRIL

1977

NO. 12

GRATIS eksemplare van hierdie ses-maandelikse *Nuusbrief* is verkrygbaar van:  
DIE DIREKTEUR,  
NASIONALE MUSEUM,  
POSBUS 266,  
BLOEMFONTEIN 9300

Enige inligting sowel as foto's kan oorgeneem word met erkenning van die bron.

FREE copies of this bi-annual *News letter* is obtainable from:  
THE DIRECTOR,  
P.O. BOX 266,  
BLOEMFONTEIN 9300

Any information, as well as photographs may be reprinted with acknowledgement of the source.